Hindernisse in gebed

(Uit: 'Gebed maak alles anders' geskryf deur Bennie Mostert, Carpe Diem uitgewers)

Soms voel dit asof ons gebede net teen die plafon vasslaan en nie deurbreek nie. Daar kan baie redes hiervoor wees en ons kyk na 'n paar hier. Vra dat die Here jou sal wys watter van hierdie en ook ander dinge jou gebedslewe mag verhinder;

- **Bewuste onbelyde sonde.** As daar sonde in my hart was, sou die Here nie geluister het nie (Ps.66:18). Die arm van die Here is nie te kort om te help nie en Sy oor is nie te doof om te hoor nie. Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie. (Jes.59:1-2).
- **Afgodsdiens – betrokkenheid by okkulte.** Mens, hierdie manne heg waarde aan afgode. Hulle is so in sonde verval dat hulle net ag gee op hulle afgode. Moet Ek My deur hulle laat raadpleeg? (Eseg.14:3).
- **Suinigheid en gierigheid.** As jy jou ore sluit vir die hulpgeroep van 'n arm mens, sal jy ook nie antwoord kry as jy roep nie (Spr.21:13). Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal (1Tim.6:10).
- **Ongeloof en twyfel.** Die wêreld is skuldig aan sonde, want die wêreld glo nie in My nie...(Joh.16:9). Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie (Jak.1:6-8).
- **Onvergewensgesindheid en bitterheid.** As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie. (Matt.6:14-15)
- **Verkeerde houding teenoor jou huweliksmaat.** Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder (1Pet.3:7).
- **Hoogmoed en trots.** God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade. (Jak.4:6)
- **Selfsugtige motiewe vir gebed.** As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net jul selfsugtige begeertes bevredig. (Jak.4:3)
- **'n Kritiese gees.** Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie (Matt.7:1). Jy, waarom veroordeel jy dan jou broer? En jy, waarom verag jy jou broer? Ons sal tog almal voor die regterstoel van God moet verskyn (Rom.14:10).
- **Ondankbaarheid.** Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag. (1Tess.5:18)
- **Wanneer jy nalaat om vergoeding te doen.** As hy so gesondig en hom skuldig gemaak het, moet hy teruggee wat hy geroof het of waarmee hy iemand te kort gedoen het of wat in sy bewaring gegee was of wat weggeraak het en deur hom gevind is, of wat ook al waaroor hy 'n vals eed afgelê het. Op die dag dat sy skuld bekend word, moet hy alles terugbetaal aan die persoon aan wie dit toekom, en hy moet nog 'n vyfde bysit. (Lev.6:4-5)
- **Liefde vir die wêreld en 'n wêreldse gesindheid.** Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhe nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. (1Joh.2:15)

- **Wanneer jy nie bid in die Naam van Jesus nie.** As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen. (Joh.14:14)
- **Wanneer jy nie volgens God se wil bid nie.** …nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens Sy wil vra. (1Joh.5:14)